



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 1: WAAROM 'N STUDIE VAN DIE FEESTYE VAN YHVH?

DOEL VAN DIE STUDIE VAN DIE FEESTYE VAN YHVH

In Levitikus 23 word die feestye van YHVH beskryf. Die doel van hierdie studie is om hierdie Feestye te ondersoek ten einde die geestelike betekenis daarvan te verstaan, asook hoe dit op elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is, steeds van toepassing is. Die feestye van YHVH is 'n heenwysing na Yeshua Messias en YHVH se totale reddingsplan van herstel tot soos wat dit was voor die sondeval.

Ons weet dat Yeshua die Gesalfde Een gekom het en derhalwe hoef ons nie hierdie feestye te gedenk met die oog op Messias se eertse koms nie. Dit is egter wel nodig dat ons die betekenis van hierdie feestye moet verstaan en hoe dit onder die hernieude (nuwe) verbond in Messias reeds bevestig is, asook hoe dit tans besig is om vervul te word en uiteindelik volledig vervul sal word.

'n Studie van die feestye van YHVH, ons Vader, sal bevestig dat die eerste vier van hierdie feestye reeds in Yeshua Messias vervul is, en daarom kan ons verseker weet dat die oorblywende drie feestye ook aan die einde van dae in Yeshua vervul sal word. Die laaste van die jaarlikse feestye is 'n heenwysing na die wederkoms van Messias en daarom is dit wel nodig dat ons die betekenis van hierdie feestye ook moet verstaan en hoe dit onder die nuwe (hernieude) verbond nog vervul sal word.

Ons moet onself en ons kinders op gepaste wyse gereeld herinner aan die doel en betekenis van YHVH se bestemde jaarlikse afspraak (feestye) met ons, Sy kinders, sodat ons as vlekkelose bruid Die Almagtige se totale plan van herstel kan verstaan en gereed sal wees vir Messias se wederkoms.

Ander Joodse feeste, wat nie deel is van die feestye van YHVH volgens Levitikus 23 nie, maar wel in die Skrifte gevind word, sal ook bespreek word, aangesien dit belangrike geestelike waarhede vir ons inhou.

Laastens sal die misleiding van Paasfees (*Easter*) en Kersfees ook bespreek word. Lesse 13 en 14 onderskeidelik.

'n Paasseder handleiding is ook beskikbaar sodat Pesag op gepaste wyse met 'n sedermaal gedenk kan word.

INHOUD VAN LES 1

- ❖ Inleiding.
- ❖ YHVH se Kalender van Vaste Tye.
- ❖ Die Bestemde Feesseisoene.
- ❖ Die Doel van die Feestye van YHVH.
- ❖ Ons Hebreeuse Verbintenis (Wortels).
- ❖ Bepeins en Bespreek.

INLEIDING

1. Eerstens moet ons verstaan dat die Feestye van YHVH deel van die Vader se onderrig en instruksies aan Sy kinders is. Die feestye is dus deel van YHVH se Torah, of die wet soos dit algemeen bekend staan. Dit moet ook beklemtoon word dat die wet (die Torah) die Vader se onderrig en instruksies in geregtigheid is, naamlik hoe om as geregverdigde te lewe.
2. Die Skrifte (Bybel) leer dat elke mens alleenlik deur geloof in Yeshua as Messias geregverdig verklaar word en nie deur onderhouding van die wet nie (Rom. 3:28 en 5:1). Die doel van die wet (die Torah) is egter om elke gelowige te onderrig hoe om te lewe as iemand wat deur geloof geregverdig verklaar is (Rom. 2:18). Om die feesdae van YHVH te gedenk is deel van 'n geloofslewe in geregtigheid. Dit word nie gedenk om daardeur regverdig verklaar te word nie en dit is nie om tot die genade te probeer toevoeg nie!! Onthou egter: Geloof in Yeshua as Messias het nie die wet tot niet gemaak nie, maar dit juis bevestig (Rom. 3:31). In Matt. 5:17 tot 21 het Yeshua dit ook duidelik uitgespel dat Hy nie gekom het om die wet of die profete te ontbind nie, maar om dit juis te bevestig (te vervul, te bekragtig, vol te maak). YHVH se onderrig en instruksies insake Sy feestye is dus steeds van krag!!

3. As wedergebore kinders van YHVH, ons Elohiem (God) en Vader, weet ons dat Yeshua Messias gekom het en derhalwe hoef ons nie hierdie feeste te gedenk met die oog op Sy koms nie. Daarom gedenk ons nie die feestye soos onder die ou verbond nie. Dit is egter wel nodig dat ons dit as gelowiges van die hernieude (nuwe) verbond gedenk en die betekenis van hierdie feeste moet verstaan, asook hoe dit onder die hernieude verbond in Yeshua reeds vervul is en nog vervul sal word. Ons moet onself, en ons kinders, gereeld herinner aan die doel en betekenis van hierdie feeste en die beste wyse om dit te doen is deur dit op gepaste wyse te gedenk.
4. Vir die gelowige is hierdie feeste nie `n heenwysing van die belofte wat sal kom nie, maar `n gedenkfees van dit wat YHVH reeds in Yeshua Messias vir ons gedoen het, steeds doen en nog sal doen. Dit gee insig in YHVH se plan van redding en herstel en die vestiging van Sy Koninkryk op aarde. Die feestye is jaarlikse afspraak wat Abba YHVH met sy kinders het. Dit is `n uitnodiging tot verskeie baie spesiale jaarlikse ontmoetings met die Vader.
5. Daarom moet die studie en herdenking van die feestye dien om ons geloof te versterk en om YHVH Yeshua beter te leer ken. Dit moet nie nog `n betekenislose tradisie van moet en moenies word nie. Dit gaan nie net oor die hou van die feestye nie, maar dit gaan oor die geestelike betekenis daarvan en hoe dit op die gelowige van toepassing is.
6. Ons is deur die wet van die Gees van die lewe in Messias vrygespreek van die wet van sonde en dood (Rom. 8:2) en daarom is ons ewige sondeskuld aan YHVH deur die folterdood van Yeshua betaal en sien ons met verlange uit na `n ewige tydperk waar alles herstel sal wees soos wat dit was voor die sondeval. Dit is juis hiervan wat die feestye van YHVH getuig!! Soos reeds genoem was die onderhouding van die feestye nie om geregverdig verklaar te word nie, maar was dit deur YHVH ingestel om Hom aan Israel te openbaar. Dit was `n "hulpmiddel" in hulle verhouding met die Elohiem (God) van Abraham, Isak en Jakob. Dieselfde doel met die feestye van YHVH geld steeds vandag, naamlik dat ons Vader ons op `n bepaalde wyse wil ontmoet om Hom aan ons te openbaar en te herinner aan Sy genadeplan van redding en herstel.
7. Ons moet uit die geskiedenis leer en nie weer dieselfde foute soos Israel van ouds begaan nie. Hulle het hierdie feeste jaarliks gevier en tog het hulle nie Yeshua Messias herken toe Hy gekom het nie. Die rede was dat hulle soveel mensgemaakte wette en reëls by YHVH se onderrig en instruksies (Sy Torah – die wet) gevoeg het, dat hulle deur wettiesheid (*legalism*) en tradisie verblind was. Ons moet pas op dat dieselfde nie met ons gebeur nie!!
8. Die weeklikse Shabbat word ook in Levitikus 23 genoem en is dus ook deel van die feestye soos deur YHVH ingestel is. Die kwessie van Shabbat

of Sondag as "die dag van die Here" sal egter nie in hierdie studie bespreek word nie, maar is 'n volledige studie op sy eie.

YHVH SE KALENDER VAN VASTE TYE.

1. 'n Algemene siening van die Christendom (die Kerk) is dat die Feestye van YHVH soos in Levitikus 23 opgeteken is, met die uitsondering van die Paasfees, nie meer van toepassing is nie. Min besef egter dat hierdie feeste 'n heenwysing na Yeshua Messias is, sowel as 'n afbeelding van YHVH se reddingsplan vir die mensdom, die oordeel van alle mense en van die herstel van Sy skepping. Die algemene siening van die Christendom is dat die belangrikheid van hierdie feeste geëindig het met die folterdood van ons Messias en dat die feeste net op die Jode van toepassing is. Sommige geestelike leiers beskou gelowiges wat steeds die feestye van YHVH gedenk as onder die wet en as mense wat van die genade verval het.
2. Dit is egter teenstrydig met wat die Skrifte leer. Hierdie feeste is ewige insettinge en Yeshua en die apostels het hierdie feestye gedenk, asook die gemeente (ekkklesia; die Kerk) in die eerste twee tot drie eeue na Messias. Die geskiedenis is bewys hiervan. Elohiem ons Vader het nie Sy heilige samekomste met die folterdood van ons Messias gekanselleer nie. Hierdie feestye van YHVH is ook nie met die viering van slegs Paasfees en Kersfees vervang nie. Kersfees word nêrens in die Bybel genoem nie, want dit is deur mense ingestel en is van heidense oorsprong. Kersfees is **nie** een van die feestye van YHVH **nie!** Die misleiding van Paasfees (easter) en Kersfees sal in Les 13 en 14 onderskeidelik bespreek word.
3. Ons lees in Gen. 1:14 en Lev. 23:1 tot 4 die volgende:

En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. Gen. 1:14

*Verder het YHVH met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van YHVH wat julle moet uitroep as **heilige samekomste** dit is my **feestye**. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van YHVH in al julle woonplekke. Dit is **die feestye** van YHVH, die **heilige vierdae** wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd. Lev. 23:1 tot 4.*

4. Volgens bogenoemde is dit duidelik dat YHVH 'n kalender van vaste tye het. Hierdie vaste tye is nie net die siklus van dae, weke, maande en jare nie, maar ook van bepaalde afsprake en byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is. YHVH, ons Vader, het dus 'n kalender waarin Hy sekere afsprake met Sy volk (kinders) gedagboek het. Hierdie jaarlikse

afsprake is ewigdurend en elkeen het 'n uitnodiging om dit te aanvaar of te verwerp.

5. Almal wat die reddende genade van YHVH in geloof in Yeshua Messias ontvang het, en met 'n afhanklike vywilligheid hulself aan YHVH onderwerp, sal volgens 'n kalender leef wat hulle sal onderskei (afsonder, *set-apart*) van die res van die wêreld. Hierdie is YHVH se kalender en verskil in vele opsigte van ons Gregoriese kalender. Aangaande diegene wat YHVH se kalender van vasgestelde tye volg, verklaar die Skrifte:

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n afgesonderde volk, 'n volk as eiendom ontvang, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van Elohiem is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:9 en 10 (Woord en Getuienis)

Deurdadig ons YHVH se afspraak met ons eerbiedig, lewer ons getuienis dat ons Sy volk is en dat ons Sy onderrig en instruksies (Torah; wet) omhels om in Sy wonderbare lig te wandel en Sy uitnemendheid te verkondig. Dit is 'n bevestiging van die begeerte om die dinge van die wêreld agter te laat en terug te keer na die *goeie weg* van YHVH.

*So sê Yahweh: Staan op die weë, en kyk en vra **na die ou paaie, waar tog die goeie weg is**, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.... Jer.6:16 (Woord en Getuienis).*

6. Hierdie afspraak en byeenkomste op YHVH se kalender is die feestye van YHVH en is afgesonderde (heilige; *kodesh*) samekomste (Lev. 23:2). Eerstens moet ons egter duidelikheid kry oor die korrekte betekenis van *feestye* en *heilige vierdae* (*samekomste*).
 - 6.1. **Die feestye** (*mo'edim*) se korrekte betekenis is die *Bestemde (Vaste of Aangewese) Tye van YHVH (Appointed times of YHVH)* en kan ook uit Gen. 1:14 afgelei word. Dit is nie godsdienstige feeste soos wat in die heidendom gesien word nie. Nee, dit is 'n YHVH-gerigte afspraak met die Skepper. Die bedoeling is nie om YHVH tevrede te stel nie (*to pacify*), maar 'n ontmoeting waar YHVH sekere heilswaarhede opnuut aan Sy volk bevestig.
 - 6.2. **Heilige vierdae (samekomste)** (*miqra'ot*) is afgesonderde (*set-apart*) feesdae wat vergelyk kan word met 'n kleedrepitisie waar YHVH se reddende genade van die verlede, die hede en die toekoms telkens (jaarliks) ingeoefen word. Vir die doel word sekere dae deur YHVH opsy gesit en afgesonder (geheilig). Die gelowige is dus nie 'n toeskouer by 'n byeenkoms waar hy vermaak moet word nie, maar elkeen is 'n "akteur" in YHVH se "passiespele" wat besig is om in YHVH Yeshua se teenwoordigheid plaas te vind. Ons sien onself as medewerkers (rolspelers, akteurs) in die "draaiboek" van

dit wat YHVH reeds gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen.

7. Hoewel die term *feestye* gebruik word, is dit egter belangrik om bogenoemde in gedagte te hou by hierdie studie, want dit sal bydra tot beter begrip van wat die doel met YHVH se bestemde tye is. Die oorhoofse doel van YHVH se *mo'edim* en *miqra'ot* is om verhoudinge te bou met YHVH ons Vader en met ons medemens, asook om ons te leer en te herinner aan geskiedkundige en toekomstige profetiese gebeure.

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek Elohiem (God) is, en daar is geen ander nie; Ek is Elohiem, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; Jes. 46:9 en 10.

8. Hoewel ons enige tyd met YHVH heilige gemeenskap (*fellowship*) kan hê, het Hy bepaal dat daar sekere bestemde tye is wat Hy met ons `n afspraak het. Hierdie bestemde tye het dan ook `n bepaalde betekenis en is `n wyse wat YHVH ons op gereelde jaarlikse basis wil herinner aan die betekenis daarvan. Soos uit hierdie studie sal blyk, is YHVH se bestemde tye inderdaad `n afspraak met ons Bruidegom, Yeshua Messias. Dit is `n kleedrepitisie vir die bruid vir haar huwelik wat aan die einde van dae voltrek sal word.
9. Abba nooi ons na Sy jaarlikse bestemde afsprake – afsprake met Sy Seun en waar Vader self teenwoordig is. Gaan jy die uitnodiging aanvaar en met vreugdevolle verwagting opdaag of gaan jy die kerk glo wat verkondig dat YHVH Sy afsprake gekanselleer het en met nuwes vervang het? Wat kies jy? Om gehoorsaam aan YHVH of aan die Kerk te wees?

DIE BESTEMDE FEESSEISOENE

1. Die bestemde tye van YHVH, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, word in drie feesseisoene verdeel, naamlik:
 - 1.1. *Pesag* wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: *Pesag* (Paasfees; Pasga), Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).
 - 1.2. *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees (Fees van Weke).
 - 1.3. *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah; Rosh Hashanah*), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot; Chag Sukkot*). Op YHVH se jaarlikse afspraakkalender is daar egter nog `n bestemde tyd wat

die Agste Dag (*Sh'mini Atzeret*) genoem word en wat deel vorm van die seisoen van *Sukkot*.

2. In totaal het YHVH dus jaarliks agt formele afsprake met Sy volk – ontmoetings waar Hy die inisiatief neem en 'n uitnodiging aan elkeen van Sy kinders rig. Daar word egter deurgaans verwys na die sewe bestemde tye (feestye) waar die getal 7 op die voltooiing van YHVH se plan dui en dan die Agste Dag wat 'n nuwe begin aankondig. Onthou egter dat die weeklikse Shabbat ook deel is van YHVH se bestemde tye (feeste)(Lev. 23:2) en wat heenwys na die ewige rus (Heb. 4:3 tot 11) wat sal volg op die voltooiing van YHVH se plan van herstel.
3. YHVH se bestemde tye (feeste) is ook aan die seisoene van die natuur gekoppel, naamlik die eerste vier wat in die lente en die laaste drie wat in die herfs plaasvind (in die Noordelike halfrond). Die drie feesseisoene is ook gekoppel aan die landbouseisoen in Israel en begin met die garsoes (*Pesag*), gevolg deur die koringoes (*Shavuot*) en dan die vrugte-oes (*Sukkot*).
4. Elk van die bestemde tye is 'n profetiese afbeelding van YHVH se totale reddingsplan; 'n Plan wat reeds van die begin af bestaan het – voor die grondlegging van die wêreld (Ef. 1:3 tot 11). Elkeen is 'n afbeelding van dit wat reeds gebeur het, dit wat tans gebeur en dit wat nog gaan gebeur in YHVH se plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel tot soos dit was voor die sondeval (Kol. 2:16 en 17). Elk van hierdie bestemde afsprake is 'n afbeelding en verteenwoordigend van 'n stap in YHVH se reddingsplan en die herstel van Sy skepping.
5. Die eerste vier bestemde tye, naamlik Paasfees, Fees van Ongesuurde Brode, Fees van die Eerstelingsgerf en Pinksterfees is reeds in Yeshua Messias met Sy eerste koms na die aarde vervul:
 - 5.1. Hy is die Paaslam wat vir ons geslag is om ons te bevry van die slawejuk van sonde. (*Pesag*).
 - 5.2. Hy is die Ongesuurde Brood; die Een sonder sonde en die Brood van die Lewe (die Manna uit die hemel) is wat in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien. (Fees van Ongesuurde Brood)
 - 5.3. Hy is YHVH se eerstelingsgerf; die eerste om uit die dood op te staan en die eerste van YHVH se oes wat deur die genade in Yeshua ingesamel word. (Fees van Eerstelinge)
 - 5.4. Hy het opgevaar na die hemel sodat ons die Afgesonderde (Heilige) Gees kon ontvang om hier op aarde as geregverdigdes in krag en gehoorsaamheid volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah) wat op ons hart geskryf is, te leef. (Pinkster, *Shavuot*).

6. Die laaste drie bestemde tye, naamlik die Fees van Trompette, die Dag van Versoening en die Fees van Tabernakels is almal `n heenwysing na Yeshua se wederkoms as die Koning van konings en as die Leeu van Juda – die Een wat YHVH se parskuip sal trap (Open. 19:15) en wat sal kom om hier op aarde vir ewig te regeer. Die fees van die Agste Dag kondig `n nuwe begin aan nadat YHVH Sy plan voltooi het. Daarom is hierdie laaste seisoen van afspraak met YHVH van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Dit is `n heenwysing en afbeelding van eindtydgebeure en van die wederkoms van ons Messias. Dit is `n kleedrepitisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.
7. Die feit dat die eerste vier bestemde tye presies volgens profesie op die aangewese datums vervul is, is bevestiging en bewys dat die vier oorblywende afspraak ook presies volgens profesie vervul sal word. Hierdie feit is bevestiging dat ons met erns en toewyding hierdie afspraak op YHVH se kalender moet gedenk. Dit moet vir ons as gelowiges `n blye verwagting en `n salige hoop op die wederkoms van ons Messias wees.
8. Diegene wat YHVH se bestemde tye gedenk, sal Messias herken by Sy wederkoms. Hulle sal instaat wees om tussen die ware Messias en die Antimessias te kan onderskei, want YHVH se bestemde tye (*mo'edim*) en kleedrepitisie (*miqra'ot*) is `n heenwysing en afbeelding van Yeshua Messias en YHVH se totale reddingsplan. Hulle sal weet, en op die uitkyk wees, vir Yeshua se wederkoms tydens die laaste bestemde tye van YHVH se jaarlikse afspraak met Sy kinders.
9. Daarom moet ons die betekenis van hierdie feeste verstaan en dit jaarliks gedenk sodat ons voorbereid en gereed kan wees vir die wederkoms van Messias. Ons Vader het sy bestemde tye met `n doel ingestel en Yeshua se woorde in Luk. 24:44 herinner ons daaraan:

En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.

Die wederkoms van ons Messias sal tydens YHVH se bestemde tye vervul word!!

10. Indien dit belangrik was om YHVH se bestemde tye voor die eerste koms van Yeshua Messias te hou, is dit sekerlik ook belangrik om dit steeds te gedenk in voorbereiding vir Messias se tweede koms as Hoëpriester en die Koning van konings!!

DIE DOEL VAN DIE FEESTYE VAN YHVH.

1. Soos reeds genoem is elk van die sewe bestemde tye `n profetiese afbeelding van YHVH se genade in Yeshua Messias. Dit verteenwoordig die volgorde, tydplan en die belangrikste fases in YHVH se verlossingsplan. Dit begin by die kruisiging van Yeshua as die Paaslam en eindig met die Duisendjaar Vrederyk (die Millennium) waar Yeshua as die Koning van konings sal regeer.
2. Die sewe feeste het `n drievoudige betekenis en doel vir Israel van ouds (ou verbond) gehad, naamlik:
 - 2.1. `n Feesviering om die landbouseisoene en gepaardgaande oeste te gedenk. Dit was deel van die sosio-ekonomiese kultuur van daardie tyd.
 - 2.2. `n Herinnering aan die wyse hoe YHVH in die verlede tot Israel se redding gekom het en in hulle behoeftes van die toekoms sal voorsien.
 - 2.3. `n Profetiese afbeelding van toekomstige gebeure in YHVH se plan met Israel en die mensdom. Hierdie feeste is deur YHVH aan Israel, en aan die vreemdeling (buitelander, heiden) wat by Israel aangesluit, voorgeskryf as `n heenwysing na en `n afbeelding van die koms van Messias Yeshua. Op hierdie wyse wou YHVH op `n sigbare wyse sekere geestelike waarhede aangaande Messias aan Sy volk bekend maak.
3. Vir die gelowige in Yeshua het die bestemde tye van YHVH die volgende doel en betekenis:
 - 3.1. Die feestye en heilige dae is bewys van dit wat reeds gebeur het, wat tans besig is om te gebeur en wat nog gaan gebeur in YHVH se totale plan van herstel en as die Almagtige se plan voltooi word, ongeag die mens se keuses.
 - 3.2. Die jaarlikse afspraak is `n openbaring van YHVH se doel met die mens hier op aarde. Die doel is om YHVH se Koninkryk hier te vestig – `n Koninkryk waar YHVH Yeshua vir ewig sal regeer. Die gelowige in Yeshua is `n medewerker in hierdie plan wat reeds voor die grondlegging van die wêreld bestaan het (Ef. 1:3 tot 11).
 - 3.3. Die feestye is ook `n afbeelding van die daaglikse lewenswandel van die gelowige in Yeshua. Dit spreek nie net van wat die Vader reeds vir die gelowige gedoen het nie, steeds doen en nog sal doen nie, maar ook wat die Vader van elkeen vereis ten opsigte van heiligmaking (uitgeroep en afgesonder) en volmaaktheid (Matt. 5:48; 1 Pet. 1:15 en 16).

4. Deur ons afspraak met die Vader op Sy bestemde tye jaarliks te gedenk, word ons herinner aan YHVH se totale plan van herstel en word ons deel van hierdie werklikheid soos dit besig is om plaas te vind. Dit is 'n herinnering van wat reeds gebeur het, van wat besig is om te gebeur en van wat nog sal gebeur. Yeshua ons Messias is Abba se plan van herstel!

ONS HEBREEUSE VERBINTENIS (WORTELS)

1. Elkeen wat glo in Yeshua as Messias het 'n Hebreeuse verbintenis, want die oorsprong van ons geloof is te vinde in die ou verbond. Talle gelowiges het nog nooit hierdie waarheid gehoor nie. Alvorens ons dus die volle omvang en betekenis van ons geloof in Yeshua Messias werklik kan verstaan, moet ons toegrus wees met kennis van en insig in ons Hebreeuse wortels.
2. In sy brief aan die Romeine, in hoofstuk 11, verduidelik Paulus dat die mak olyfboom Israel is. Sommige van hierdie takke, naamlik die wat nie glo dat Yeshua as die Messias reeds gekom het nie, is egter afgebreek en die gelowige onbesnedenes (die wilde olyftakke) is op die mak olyfboom ingeënt. Elke onbesnedene (heiden, nie-Jood) wat glo in Yeshua as die Messias word dus deel van Israel (Rom. 11:16 tot 24). In Yeshua, Die Gesalfde Een, word die gelowige Jood en die gelowige nie-Jood tot een volk van YHVH saamgevoeg. Paulus skryf daarom ook in Ef. 2:11 tot 13 die volgende:

Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in daardie tyd sonder die Messias was, vervreemd van die burgerskap van Yiesraél en vreemdelinge met betrekking tot die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohiem in die wêreld Maar nou in die Messias Yahshua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van die Messias. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die Torah van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep (Woord en Getuienis).

3. In die lig van bogenoemde is dit dus ook duidelik dat die bestemde tye (*mo'edim*) en die afgesonderde (heilige) vierdae (*miqra'ot*) van YHVH vir die hele Israel gegee is, naamlik Jood en nie-Jood wat een in Yeshua Messias is. Dit is egter belangrik om te onthou dat dit ons as nie-Jode (heidene, vreemdelinge) is wat by Israel aansluit en nie andersom nie!! Beide het deel aan die vettigheid van die wortel wat YHVH Yeshua is. Die stam van hierdie olyfboom is die Lewende Torah waaraan elke tak vas is.

4. Die Hebreuse denke en kultuur is ryk aan simboliek, gebruike en tradisies wat ook ons eie geloofslewe sal beïnvloed. Daarom kan ons baie by ons Hebreuse (Joodse) gelowiges in Yeshua leer aangaande die feestye van YHVH. Dit is ook met die doel dat hierdie studie benader sal word. Ons moet nooit vergeet nie dat die ou verbond vir die gelowige in Yeshua uiters belangrik is, want hierin is daar dikwels geheimenisse verskuil wat sekere aspekte van die hernieude (nuwe) verbond verstaanbaar maak, veral as dit bestudeer word vanuit 'n Hebreuse perspektief. Onthou: Die Skrifte is aan Israel van ouds gegee en was geskryf op 'n wyse wat relevant was tot die Hebreuse kultuur en denke en wat in vele opsigte van ons Westerse denke en kultuur verskil. Wanneer ons dus die Skrifte volgens Westerse (Griekse, Hellenistiese) denke probeer verklaar, loop ons gevaar om die ware betekenis en die verskuilde geheimenisse te mis.
5. YHVH het 'n volk vir Hom gekies en hierdie volk is Israel. Elke gelowige in Yeshua is deel van hierdie uitverkore volk en moet leef volgens YHVH ons Vader se onderrig en instruksies. Alles wat deur die eeue met hierdie volk gebeur het, *het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het* (1 Kor. 10:11). Laat ons hierdie studie van YHVH se bestemde tye met dit in gedagte benader.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

1. Wat is die betekenis van die wet (die Torah) van YHVH? Is dit wette soos landswette of is dit die liefdevolle onderrig van die Vader aan Sy kinders?
2. Wat is die doel van die Torah (die wet)? Is die gelowige in Yeshua vry **van** die wet of vry **onder** die wet? Indien geglo word dat ons vry van die wet is, dan beteken dit ons mag steel, moor, afgode aanbid, ens. Dit is tog nie waar nie!!!
3. Hoe sal jy onderskei tussen die ware Messias en die Anti-messias? Gaan die Anti-messias nie die wet (Torah) van YHVH verwerp nie?
4. Hoekom beskou die kerk die feestye van YHVH as uitgedien? Is dit dan nie ewige insettinge nie? Het ons die reg om te weier om dit te gedenk? Hoekom het die Apostels die Shabbat en die feestye van YHVH bly gedenk? Mag ons ons eie feeste, soos Kersfees, byvoeg?
5. Is tradisies 'n goeie of slegte ding? Is daar gevare in die navolging van tradisies? Indien wel, wat is die gevare? Moet tradisie versoenbaar met die Skrifte wees?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.